

ONS VIER DIE 120STE BESTAANSJAAR VAN NKOSI SIKELEL' IAFRIKA

In 1897 het Enoch Sontonga van die Mpinga-stam van die amaXhosa inspirasie ontvang en 'n gesang vir Afrika geskryf. Op daardie tyd het mnr. Sontonga in Nancefield naby Johannesburg gewoon en was hy 24 jaar oud en 'n onderwyser, 'n koorleier, 'n lekeprediker in die Methodistekerk, en 'n fotograaf.

In 1899 is hierdie pragtige gesang, Nkosi Sikelel' iAfrika, vir die eerste keer in die openbaar gesing, by die inseëning van eerwaarde Bowen, 'n Methodistepriester. Die gesang het almal wat dit gehoor het, diep getref en het so geliefd geword dat verse daarby gevoeg is, en dit vertaal is, en dit regoor die vasteland Afrika gesing is.

Die digter SEK Mqhayi het sewe verse by die gesang gevoeg, en op 16 Oktober 1923 het Solomon T. Plaatje, met klavierbegeleiding deur Sylvia Colenso, 'n opname van Nkosi Sikelel' iAfrika gemaak. Die gesang is in kerke en by politieke byeenkomste gesing, en in 1925 het dit die amptelike lied van die African National Congress (ANC) geword.

Hoewel sy gesang baie bekend was, was Sontonga nie in sy leeftyd beroemd nie. Baie jare lank het geskiedkundiges na inligting oor hierdie beskeie man se lewe en dood gesoek.

Enoch Sontonga is op 18 April 1905 in die ouderdom van 33 jaar oorlede. Sy graf is baie jare later in 'n begraafplaas in Braamfontein in Johannesburg ontdek, na 'n lang soektog deur die Raad op Nasionale Gedenkwaardighede. In 1996, op Erfenisdag, 24 September, het president Mandela mnr. Sontonga se graf tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar, en daar is later 'n gedenkteken by die graf opgerig.

'n Rukkie lank, in 1994 en 1995, het Suid-Afrika twee amptelike volksliedere gehad: Nkosi Sikelel' iAfrika en Die Stem, die volkslied uit die apartheidsera. Al twee volksliedere is in hulle geheel gesing, maar dit het so lank geneem om die liedere so te sing dat die regering ope vergaderings gehou het om Suid-Afrikaners te vra wat hulle as hulle volkslied wou hê. Op die ou end het die regering op 'n kompromie besluit, wat onder andere behels het dat al twee volksliedere verkort is en dat 'n harmonieuse musikale brug geskep is om die twee liedere tot een volkslied te verbind. Ons volkslied, wat in vyf verskillende tale gesing word – isiXhosa, isiZulu, Sesotho, Afrikaans en Engels – is uniek en demonstreer die vermoë van Suid-Afrikaners om ter wille van nasionale eenheid en vooruitgang kompromie te bereik.

Nkosi Sikelel' iAfrika het die eerste vers van ons nuwe volkslied geword.

Nkosi Sikelel' iAfrika

Nkosi, sikelel' iAfrika,
Malupnakanyisw' udumo lwayo;
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela,
Thina lusapho lwayo

Nkosi, sikelel' iAfrika,
Malupnakanyisw' udumo lwayo;
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela,
Thina lusapho lwayo

Woza Moya (woza, woza),
Woza Moya (woza, woza),
Woza Moya, Oyingewele.
Usisikelele, Thina lusapho lwayo.

Morena boloka sechaba sa heso
O fedise dintwa le matshwengeho
Morena boloka sechaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwengeho.

O se boloke, o se boloke,
O se boloke, o se boloke.
Sechaba sa heso, Sechaba sa heso.
O se boloke morena se boloke,
O se boloke sechaba, se boloke.
Sechaba sa heso, sechaba sa Africa.

Ma kube njalo! Ma kube njalo!
Kude kube ngunaphakade,
Kude kube ngunaphakade!



National Archives and Records Services of South Africa

E. Sontonga, arr. M. Khumalo (Nkosi) Afrikaans words: C.J. Langenhoven English words: J.Z-Rudolph
M.L. de Villiers, arr. D. de Villiers (Die Stem) Re-arrangement, music typesetting-Jeanne Z. Rudolph as per Anthem Committee

WISKUNDE IN AFRIKAANS – Graad 6 Boek 1

ISBN 978-1-4315-0038-3

Hersien volgens die KABV

Graad 6

Naam:

Klas:



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Boek 1
Kwartaal
1 & 2



ISBN: 978-1-4315-0038-3



9 781431 500383

MATHEMATICS IN AFRIKAANS
GRADE 6 – BOOK 1 • TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-4315-0038-3
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
9th Edition

Inhoud

No.	Titel	Bl.	No.	Titel	Bl.
R1a	Basis-tien-gebaseerde tel	ii	19b	Sirkels (vervolg)	62
R1b	Basis-tien-gebaseerde tel (vervolg)	iv	20	Frekwensie tabelle	64
R2a	Getalle 0 tot 100 000	vi	21	Gemiddeld, mediaan en modus	66
R2b	Getalle 0 tot 100 000 (vervolg)	viii	22	Lees en interpreteer die staafgrafieke en sirkelgrafieke	68
R3a	Optelling en aftrekking	x	23	Vraelyste	70
R3b	Optelling en aftrekking (vervolg)	xii	24a	Alles oor getalpatrone	72
R4a	Vermenigvuldiging en veelvoude	xiv	24b	Alles oor getalpatrone (vervolg)	74
R4b	Vermenigvuldiging en veelvoude (vervolg)	xvi	25a	Getalle van 0 tot 200 000	76
R5a	Deling en faktore	xviii	25b	Getalle van 0 tot 200 000 (vervolg)	78
R5b	Deling en faktore (vervolg)	xx	26	Afronding	80
R6	Bewerkings	xxii	27	Afronding tot die naaste 5	82
R7a	Verhoudings en koers	xxiv	28	Vermenigvuldiging en priemfaktore	84
R7b	Verhoudings en koers (vervolg)	xxvi	29	Vermenigvuldiging en die distributiewe eienskap	86
R8a	Breuke	xxviii	30	Meer oor vermenigvuldiging en die distributiewe eienskap	88
R8b	Geld en breuke	xxx	31	Vermenigvuldiging deur van uitgebreide notasie en die vertikale kolommetode gebruik te maak	90
R9	Partytijtied met breuke	xxxii	32	Vermenigvuldiging en afronding	92
R10	Hoe ver en hoe lank?	xxxiv	33	3D-voorwerpe	94
R11	Oppervlakte	xxxvi	34	Beskrywing van 3D-voorwerpe	96
R12	Volume	xxxviii	35	Meetkundige patrone	98
R13	Massa	xl	36	Beskrywing van meetkundige patrone	100
R14	2D-vorms en 3D-voorwerpe	xlii	37	Meetkundige patrone en tabelle	102
R15a	Vorms	xliv	38	Refleksie simmetrie	104
R15b	Vorms (vervolg)	xlvi	39	Refleksie (weerspieelings) simmetrie	106
R16	Datahantering	xlviii	40a	Deel- en groepeerprobleme	108
1a	Hoeveel kan jy tel? Getalle 0 tot 10 000	2	40b	Deel- en groepeerprobleme (vervolg)	110
1b	Hoeveel kan jy tel? (vervolg)	4	41	Koers	112
2	Getalle 0 tot 100 000	6	42	Verhouding	114
3	Nog getalle 0 tot 100 000	8	43	Faktore	116
4	Eienskappe van getalle	10	44a	Groepering en verdeling	118
5	Nog eienskappe van getalle	12	44b	Groepering en verdeling (vervolg)	120
6a	Optelling en aftrekking tot 5-syfer getalle	14	45	Deling	122
6b	Optelling en aftrekking tot 5-syfer getalle (vervolg)	16	46	Meer deling	124
7a	Aftrekking tot 5-syfer getalle	18	47	Deling: Veelvuldige bewerkings op heelgetalle met of sonder hokkies	126
7b	Aftrekking tot 5-syfer getalle (vervolg)	20	48	Breuke deur meting	128
8a	Optelling en aftrekking tot 5-syfer getalle	22	49	Nog meer breuke deur meting	130
8b	Optelling en aftrekking tot 5-syfer getalle (vervolg)	24	50a	Breuke	132
9a	Breuknotasies	26	50b	Breuke (vervolg)	134
9b	Breuknotasies (vervolg)	28	51a	Meer breuke	136
10a	Ekwivalente breuke en nog meer	30	51b	Meer breuke (vervolg)	138
10b	Ekwivalente breuke en nog meer (vervolg)	32	52	Desimale notasie	140
10c	Ekwivalente breuke en nog meer (vervolg)	34	53	Meer desimale notasie	142
11	Optelling en aftrekking van breuke	36	54	Tyd in desimale vorm	144
12	Nog optelling en aftrekking van breuke	38	55	Geld	146
13	Breuke van heelgetalle (eweredige deling)	40	56	Optelling en aftrekking van desimale	148
14	Persentasies en breuke	42	57	Optelling en aftrekking van nog desimale	150
15	Persentasies en desimale	44	58	Nog optelling en aftrekking van desimale	152
16a	Tyd	46	59	Plekwaarde van syfers tot ten minstens twee desimale plekke	154
16b	Tyd (vervolg)	48	60	Vergelyk en orden desimale faktore tot minstens twee desimale plekke	156
17a	Meer tyd	50	61	Vermenigvuldiging met desimale	158
17b	Nog tyd (vervolg)	52	62	Volume en kapasiteit	160
18a	2D vorms en sye	54	63	Skatting, meting en rekord van kapasiteit	162
18b	2D vorms en sye (vervolg)	56	64a	Milliliters tot kiloliters	164
18c	2D vorms en sye (vervolg)	58	64b	Milliliters tot kiloliters (vervolg)	166
19a	Sirkels	60			



Mev. Angie Motshekga,
Minister van Basiese
Onderwys



Mnr. Enver Surty,
Adjunkminister van
Basiese Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.


Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.

Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.





Graad **6**

Wiskunde

- 1 Hersiening Werkblaaie: R1 tot R16
Sleutelkonsepte van Graad 5
- 2 Werkblaaie: 1 tot 64
- 3 Werkblaaie: 65 tot 144

Naam:

AFRIKAANS

Boek

1

Die struktuur van 'n werkblad

Werkblad nommer
(Hersiening R1 tot R16,
Gewone 1 tot 148)

Werkblad titel

Tema inleiding
(Teks en prentjies om jou te help om
te dink oor en om die tema van die
werkblad te bespreek.)

Kwartaal aanwyser
(Daar is veertig werkblaaië
per kwartaal.)

Vrae

Kleur kode vir inhoud area

Inhoud	Kantlyn kleur
Hersiening	Pers
Nommer	Turkoois
Patrone en funksies (algebra)	Elektriese blou
Spasie en vorms (meetkunde)	Oranje
Meting	Groen
Data hantering	Rooi

Taal kleur kode:
Afrikaans (Rooi), Engels (Blou)

Voorbeeld raam (in geel)

Pret / uitdaging / probleem oplos aktiwiteit
(Dit is die einde van 'n werkblad aktiwiteit wat
prettige of uitdagende aktiwiteite kan insluit wat ook
met ouers of broers en susters by die huis gedeel kan
word.)

Onderwyser assessering beoordeling,
handtekening en datum



Graad **6**

W i s k u n d e

DEEL

1

Hersiening

Sleutelkonsepte van Graad 5

WERKBLAAIE R1 tot R16

Naam:

AFRIKAANS


Boek

1



Basis-tien-gebaseerde tel

Hoeveel blokkies is daar?








Moenie elke blokkie tel nie. Tel dit in groepe.




1. Skryf die aantal blokkies neer.

Kwartaal 1






e.



f.



Teken:

Datum:


vervolg



Basis-tien-gebaseerde tel vervolg


2. Skryf die aantal appels in elke prentjie neer.

a.




As die sakke, kratte en vragmotors dieselfde aantal appels as in die vorige prentjie het, hoeveel appels is daar in elke prentjie? Skryf die totale aantal appels in elk van die volgende prentjies neer.

b.



c.



Kwartaal 1



3. Die aantal voorwerpe in elke boks is op die boks geskryf. Hoeveel voorwerpe in daar in totaal? Skryf jou antwoord neer.

a.


b.

c.

Hoe vinnig is jy?

Benodig:

- Knipselblad 1 agter in boek.





Wat om te doen:

- Speel in pare.
- Gebruik Knipselblad 1 agter in boek.
- Plaas die kaartjies op die tafel met die prentjies na onder.
- Elkeen kies vyf kaartjies en draai hulle gelyktydig om.
- Kyk wie die vinnigste die aantal blokkies op die prentjies kan identifiseer.
- Kontroleer jou maat se antwoord.
- Doen nou dieselfde met 6/7/8/9/10 kaartjies.
- Die speler met die meeste korrekte antwoorde is die wenner.

Tekem:

Datum:

Watter getal stel die volgende kaartjies voor?



35 719

In woorde
is dit

vyf en dertigduisend
sewehonderd en
negentien

Gebruik nou Knipselblad 2 (knip uit) om die volgende getalle voor te stel.

1. Voltooi die volgende:

a. $3\ 000 + 200 + 40 + 9 =$

b. $1\ 000 + 500 + 2 =$

c. $70\ 000 + 2\ 000 + 400 + 30 =$

d. $80\ 000 + 5\ 000 + 20 + 5 =$


e. $60\ 000 + 4 =$

f. $90\ 000 + 3\ 000 + 30 + 2 =$

g. $5\ 000 + 300 + 20 + 7 =$

h. $20\ 000 + 4 =$

i. $20\ 000 + 3\ 000 + 10 + 1 =$



2. Skryf die getalle in die regte kolomme.

		Tien- duisende	Duisende	Honderde	Tiene	Ene
a.	8 756		8	7	5	6
b.	4 089					
c.	63 108					
d.	59 290					
e.	30 100					
f.	48 300					
g.	92 520					
h.	6 100					
i.	81 150					
j.	75 230					

3. Voltooi die volgende soos in die voorbeeld aangedui is:

5 931 = 5 duisende + 9 honderde + 3 tiene + 1 ene

b. 1 457 =

c. 14 034 =

d. 68 301 =

e. 75 900 =

f. 25 420 =

g. 27 025 =

h. 30 205 =

vervolg →

vii



Getalle 0 – 100 000 vervolg


4. Gebruik die voorbeelde om jou te help om die tabel te voltooi.

		Uitgebreide notasie	Woorde
a.	5 689		
b.	3 089		
c.	40 312	40 000 + 300 + 10 + 2	
d.	70 001		
e.	98 304		Agt en negentigduisend driehonderd en vier
f.	60 244		
g.	50 025		
h.	32 344		
i.	22 999		
j.	100 304		

Afronding tot die naaste duisend.


Indien die **honderde** in 'n getal 0, 1, 2, 3 of 4 is, word die getal afgerond tot die vorige duisend.

Byvoorbeeld: 2 **3**74, afgerond tot die naaste duisend, is 2 000.



Indien die **honderde** in 'n getal 5, 6, 7, 8 of 9 is, word die getal afgerond tot die volgende duisend.

Byvoorbeeld: 2 **6**74, afgerond tot die naaste duisend, is 3 000.



As jy na hierdie voorbeelde kyk, kan jy nog onthou hoe afronding tot die naaste tien en honderd werk?



5. Gebruik die voorbeelde om jou te help om die tabel te voltooi.

		Rond af tot die naaste 10	Rond af tot die naaste 100	Rond af tot die naaste 1 000
a.	38 764	38 760	38 800	39 000
b.	21 349			
c.	9 999			
d.	10 256			
e.	2 365			
f.	1 023			
g.	58 326			
h.	75 899			
i.	95 100			
j.	4 652			
k.	2 963			
l.	7 456			
m.	98 365			
n.	15 126			
o.	17 023			
p.	14 896			

Hoe groot is die getal?

Benodig:

- Gebruik Knipselblad 2 en 3 agter in die boek.
- Vou Knipselblad 3 om dobbelstene te vorm (van ene tot tienduisende).



Wat om te doen:

- Speel in pare.
- Elke speler kry 'n beurt om al vyf dobbelstene te rol (tienduisende – oranje, duisende – pers, honderde – geel, tiene – rooi en ene – blou).
- Gebruik nou die plekwaardekaarte om jou getal uit te pak.
- Die wenner is die speler met die grootste getal.
- Herhaal die aktiwiteit vyf keer.

Onthou
nul is 'n
plekhouer.





Optelling en aftrekking



Kleur die optelwoorde rooi en die aftrekwoorde blou in.

+

-

optel

minus

altesaam

verskil

som van

plus

aftrek

totaal

neem weg

minder as

meer as

saam

Skryf meer van jou eie optel- en aftrekwoorde neer.

1. Voltooi die patroon.

a. $2\ 000 \xrightarrow{+1\ 000} 3\ 000 \xrightarrow{+1\ 000} 4\ 000 \xrightarrow{+1\ 000} \square \xrightarrow{+1\ 000} \square \xrightarrow{+1\ 000} \square$

b. $32\ 000 \xrightarrow{-2\ 000} 30\ 000 \xrightarrow{-2\ 000} 28\ 000 \xrightarrow{-2\ 000} \square \xrightarrow{-2\ 000} \square \xrightarrow{-2\ 000} \square$

c. $95\ 000 \xrightarrow{-5\ 000} 90\ 000 \xrightarrow{-5\ 000} 85\ 000 \xrightarrow{-5\ 000} \square \xrightarrow{-5\ 000} \square \xrightarrow{-5\ 000} \square$

d. $21\ 500 \xrightarrow{+7\ 000} 28\ 500 \xrightarrow{+7\ 000} 35\ 500 \xrightarrow{+7\ 000} \square \xrightarrow{+7\ 000} \square \xrightarrow{+7\ 000} \square$

e. $77\ 500 \xrightarrow{-7\ 000} 70\ 500 \xrightarrow{-7\ 000} 63\ 500 \xrightarrow{-7\ 000} \square \xrightarrow{-7\ 000} \square \xrightarrow{-7\ 000} \square$



2. Vul die volgende getal in:

a. 12 000, 15 000, 18 000,

b. 99 000, 88 000, 77 000,

c. 36 500, 42 500, 48 500,

d. 48 500, 45 500, 42 500,

e. 91 500, 88 500, 85 500,

3. Voltooi die tabel.

		Voltooi tot die volgende 10	Voltooi tot die volgende 100	Voltooi tot die volgende 1 000
a.	348	$348 + \boxed{2} = 350$	$348 + \boxed{} = 400$	$348 + \boxed{} = 1\ 000$
b.	764	$764 + \boxed{} = 770$	$764 + \boxed{} = 800$	$764 + \boxed{} = 1\ 000$
c.	3 549	$3\ 549 + \boxed{} = 3\ 550$	$3\ 549 + \boxed{} = 3\ 600$	$3\ 549 + \boxed{} = 4\ 000$
d.	2 176	$2\ 176 + \boxed{} = 2\ 180$	$2\ 176 + \boxed{} = 2\ 200$	$2\ 176 + \boxed{} = 3\ 000$
e.	5 398	$5\ 398 + \boxed{} =$	$5\ 398 + \boxed{} =$	$5\ 398 + \boxed{} =$

vervolg

Voorbeelde:

Voorbeeld 1:

$$\begin{aligned} &48\,342 - 2\,131 \\ &= 40\,000 + (8\,000 - 2\,000) + (300 - 100) + (40 - 30) + (2 - 1) \\ &= 40\,000 + 6\,000 + 200 + 10 + 1 \\ &= 46\,211 \end{aligned}$$

Voorbeeld 2:

4	8	3	4	2	
-	2	1	3	1	
				1	(2 - 1)
			1	0	(40 - 30)
		2	0	0	(300 - 100)
	6	0	0	0	(8 000 - 2 000)
-	4	0	0	0	(40 000 - 0)
	<u>4</u>	<u>6</u>	<u>2</u>	<u>1</u>	<u>1</u>

5. Gebruik een van die metodes om die volgende te bereken.

Skryf jou berekeninge stap vir stap neer.

a. $98\,293 - 71 =$

b. $76\,543 - 412 =$

c. $57\,893 - 5\,381 =$

d. $62\,387 - 93 =$

e. $44\,764 - 999 =$

f. $83\,759 - 4\,793 =$

Blank area for writing calculations, with horizontal dashed lines for guidance.

(Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.)



Hoe groot is die getal?

Benodig:

- Gebruik die 10'e-, 100'e- en 1 000'e-dobbelstene wat jy in die vorige aktiwiteit gemaak het.
- Skoon papier.



Wat om te doen:

- Rol die (rooi-)10-dobbelsteen.
- Tel die getal op die dobbelsteen by die eerste getal op die blou kaart.
- Skryf jou berekeninge op die papier neer.
- Doen nou dieselfde met die ander vier getalle op die blou kaart.
- Leerders kontroleer mekaar se antwoorde.
- Die wenner is die speler met die meeste korrekte antwoorde.
- Herhaal die aktiwiteit met die 100'e- en die 1000'e-dobbelstene

18 478

32 121

43 352

51 576

28 375



Herhaal die aktiwiteit met aftrekking.

Vermenigvuldiging en veelvoude

Kleur die boksies wat vermenigvuldigingwoorde in het geel in.



maail

deel deur

deelbaar deur

tafels

produk

deler

verdeel

baie

deel

groepeer



Skryf jou eie vermenigvuldigingwoorde neer.

Voorbeelde van veelvoude:

- Sommige veelvoude van 7 is: 7, 14, 21, 28, 35, 42, 49, 56, 63, 70, ...
- Sommige veelvoude van 700 is: 700, 1 400, 2 100, 2 800, 3 500, 4 200, 4 900, ...

Kwartaal 1

1. Vul die ontbrekende getalle in en gebruik dan die vermenigvuldigingsbord om die vrae te beantwoord. Skryf jou antwoorde neer in die spatie wat voorsien word.

×	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
2	2		6	8	10	12	14	16		20
3	3	6	9	12	15		21	24	27	30
4	4	8	12	16	20	24	28	32	36	40
5		10	15	20	25	30	35		45	50
6	6	12	18	24			42	48	54	
7	7	14	21	28	35	42	49	56	63	70
8	8	16	24	32	40	48	56	64		80
9	9	18		36	45	54	63	72	81	90
10	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

a. Hoekom noem ons dit 'n vermenigvuldigingsbord?

b. Skryf ten minste 10 veelvoude van elk neer:

i. Veelvoude van 8.

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

ii. Veelvoude van 80.

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

iii. Veelvoude van 800.

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

iv. Veelvoude van 50.

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

v. Veelvoude van 100.

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

×	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100
100	1000	2000	3000		5000	6000	7000	8000	9000	10000
200	2000	4000	6000	8000	10000	12000		16000	18000	20000
300	3000	6000	9000	12000	15000		21000	24000	27000	30000
400	4000		12000	16000	20000	24000	28000	32000	36000	40000
500	5000	10000	15000	20000	25000	30000	35000	40000		50000
600	6000	12000		24000	30000	36000	42000	48000	54000	60000
700	7000	14000	21000	28000	35000	42000	49000	56000	63000	70000
800	8000	16000	24000	32000	40000	48000	56000		72000	80000
900	9000	18000	27000	36000		54000	63000	72000	81000	
1000		20000	30000	40000	50000	60000	70000	80000	90000	100000

vervolg




Teken:

Datum:


xv

2. Skryf 'n vermenigvuldigingsom en antwoord vir elk van die sirkels neer.


a. $7 \times \square = \square$



b. $\square \times \square = \square$




c. $\square \times \square = \square$




Indien jy nie kan onthou hoeveel blokkies daar in elke voorwerp is nie, gaan kyk na werkkaart 1.


d. $\square \times \square = \square$



e. $\square \times \square = \square$



f. $\square \times \square = \square$



Voorbeeld:

Voorbeeld 1:

$$\begin{aligned}
 &43 \times 26 \\
 &= (40 + 3) \times (20 + 6) \\
 &= (40 \times 20) + (40 \times 6) + (3 \times 20) + (3 \times 6) \\
 &= 800 + 240 + 60 + 18 \\
 &= 800 + 200 + 40 + 60 + 10 + 8 \\
 &= 1\,000 + 110 + 8 \\
 &= 1\,000 + 100 + 10 + 8 \\
 &= 1\,118
 \end{aligned}$$

Voorbeeld 2:

	5 7	
x	3 8	

	5 6	(7 x 8)
	4 0 0	(50 x 8)
	2 1 0	(7 x 30)
+	1 5 0 0	(50 x 30)

	2 1 6 6	

3. Gebruik beide metodes (op die vorige bladsy) om die volgende te bereken. Gebruik die spase hieronder om jou berekeninge stap vir stap neer te skryf.

a. $22 \times 24 =$

b. $54 \times 36 =$

c. $3\,214 \times 2 =$

d. $4\,378 \times 9 =$

Blank lined area for writing calculations.

(Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.)



Ek kan binne een minuut...

Benodig:

- Gebruik die 10'e-, 100'e- en 1000'e-dobbelstene wat jy in die vorige aktiwiteit gemaak het.
- Skoon papier.



Wat om te doen:

- Rol eers die 10'e-dobbelsteen en dan die 100'e-dobbelsteen.
- Vermenigvuldig die twee getalle met mekaar.
- Skryf die som en jou antwoord op die papier neer.
- Herhaal tot jou onderwyser sê jy moet stop.
- Kontroleer mekaar se antwoorde.
- Die wenner is die speler met die meeste korrekte antwoorde.
- Herhaal die aktiwiteit met die 100- en die 1 000-dobbelsteen.



Tekem:

Datum:

R5a

Deling en faktore

Kleur die boksies wat deelwoorde in het geel in.



maal

deel
deur

deelbaar
deur

tafels

verdeel

produk

deler

deel

groepeer

baie



Skryf jou eie deelwoorde neer.

Empty trapezoidal box for writing a word

Faktore voorbeeld:

Die faktore van 24 is: 1, 2, 3, 4, 6, 8, 12 en 24. Dit beteken dat 24 deur al hierdie getalle gedeel kan word.

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	24

1. Wat is die faktore van 12, 15, en 16?
Kleur die korrekte getalle in.

Onthou om te vra of
bv. jy 12 deur 2 kan
deel.



a. 12

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12
---	---	---	---	---	---	---	---	---	----	----	----

b. 15

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15
---	---	---	---	---	---	---	---	---	----	----	----	----	----	----

c. 16

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16
---	---	---	---	---	---	---	---	---	----	----	----	----	----	----	----

2. Voltooi die tabel. Skryf die faktore neer van:

12	120	1 200	12 000
	10	10, 100	
2	2 en 20		
3	3 en 30		
4	4 en 40		
6	6 en 60		
12	12 en 120		


Teken:
Datum:

vervolg


xix

3. Skryf 'n deelsom en antwoord vir elk van die sirkels neer.


a. $80 \div 8 = 10$



b. $\square \div \square = \square$




c. $\square \div \square = \square$




Indien jy nie kan onthou hoeveel blokkies daar in elke voorwerp is nie, gaan kyk na werkkaart 1.


d. $\square \div \square = \square$



e. $\square \div \square = \square$



f. $\square \div \square = \square$



Voorbeelde:

Voorbeeld 1:

$$\begin{aligned} 93 \div 3 \\ &= (90 + 3) \div 3 \\ &= (90 \div 3) + (3 \div 3) \\ &= 30 + 1 \\ &= 31 \end{aligned}$$

Voorbeeld 2:

$$\begin{aligned} 950 \div 50 \\ &= (900 + 50) \div 50 \\ &= (900 \div 50) + (50 \div 50) \\ &= 18 + 1 \\ &= 19 \end{aligned}$$

Voorbeeld 3:

$$\begin{aligned} 450 \div 25 \\ &= (400 + 50) \div 25 \\ &= (400 \div 25) + (50 \div 25) \\ &= 16 + 2 \\ &= 18 \end{aligned}$$

4. Gebruik die voorbeelde op die vorige bladsy om jou te help om die volgende te bereken. Skryf jou berekeninge stap vir stap neer.

a. $84 \div 4 =$

b. $750 \div 50 =$

c. $650 \div 25 =$

Blank writing area for calculations a, b, and c.

(Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.)

d. $90 \div 6 =$

e. $550 \div 50 =$

f. $850 \div 25 =$

Blank writing area for calculations d, e, and f.


(Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.)



Ek kan binne een minuut

Benodig:

- Gebruik die 100'e-dobbelsteen wat jy in die vorige aktiwiteit gemaak het.
- Gewone pienk dobbelsteen op Knipselblad 3.
- Skoon papier.



Wat om te doen:

- Rol eers die 100'e-dobbelsteen en dan die gewone pienk dobbelsteen.
- Deel die grootste getal deur die kleinste getal.
- Skryf die som en jou antwoord op jou papier neer.
- Herhaal tot jou onderwyser sê jy moet stop.
- Kontroleer mekaar se antwoorde.
- Die wenner is die speler met die meeste korrekte antwoorde.



Teken:

Datum:

Met watter getal kan jy die vorms vervang?



Waardeur
kan ek dit
vervang?



$$4 + \triangle = \triangle + 4$$

$$5 \times \square = \square \times 5$$

$$(4 \times \hexagon) \times 6 = \hexagon \times (4 \times 6)$$

$$(a + b) \times \pentagon = a \times \pentagon + b \times \pentagon$$

1. Vervang die plekhouer deur 'n getal.

a. $3 + \square = 5 + 3$

b. $\square + 4 = 4 + 6$

c. $5 \times \square = 6 \times 5$

d. $7 \times 4 = \square \times 4$

e. $(2 + \square) + 6 = 2 + (4 + 6)$

f. $(7 + 8) + 6 = 7 + (\square + 6)$

g. $(3 \times \square) \times 2 = 3 \times (4 \times 2)$

h. $(5 \times 1) \times 6 = 5 \times (\square \times 6)$

2. Voltooi die somme deur die simbole deur getalle te vervang.

$\bigcirc = 2$

$\triangle = 3$

$\square = 4$

$\pentagon = 5$

$\hexagon = 6$

a. $\bigcirc + 4 = 4 + \bigcirc$

b. $5 \times \square = \square \times 5$

c. $(3 + \pentagon) + 4 = 3 + (\pentagon + 4)$

d. $(5 \times \triangle) \times 3 = 5 \times (\triangle \times 3)$

e. $9 + \hexagon = \hexagon + 9$

f. $(\square \times 2) \times 4 = \square \times (2 \times 4)$

g. $\bigcirc \times \triangle = \triangle \times \bigcirc$

h. $\pentagon + \hexagon = \hexagon + \pentagon$

i. $(\square + \bigcirc) + \triangle = \square + (\bigcirc + \triangle)$

j. $(\square \times \pentagon) \times \hexagon = \square \times (\pentagon \times \hexagon)$

3. Pas kolom A by kolom B, deur die somme bymekaar te pas wat dieselfde antwoord sal gee.

Kolom A	Kolom B
$4 + 3 =$	$(6 + 4) + 5$
$5 \times 6 =$	$(\square \times \hexagon) \times \pentagon$
$3 \times (2 \times 1) =$	$3 + 4$
$6 + (4 + 5) =$	$\pentagon \times \hexagon$
$\triangle + \square =$	$\square + \triangle$
$\hexagon \times \pentagon =$	6×5
$\square \times (\hexagon \times \pentagon)$	$(\hexagon + \triangle) + \square$
$\hexagon + (\triangle + \square)$	$(3 \times 2) \times 1$

4. Antwoord waar of onwaar. Indien dit onwaar is, verander die som sodat dit waar is.

- | | | |
|--|-------------------------------------|--|
| a. $6 - 5 = 5 - 6$ | <input type="text" value="onwaar"/> | <input type="text" value="6 + 5 = 5 + 6"/> |
| b. $20 \div 5 = 5 \div 20$ | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| c. $3 \times (2 + 1) = (3 \times 2) + 1$ | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| d. $8 + (5 - 4) = 8 - (5 + 4)$ | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| e. $3 \times 2 \times 4 = 3 \times (2 \times 4)$ | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| f. $6 - \square = \square - 6$ | <input type="text"/> | <input type="text"/> |

Vind soveel somme as wat jy kan.





Ons het die eerste twee somme vir jou gemerk:
 $4 \times 9 = 9 \times 4$
 Hoeveel soortgelyke somme kan jy vind?

4	+	=	5	+	4	2	4	-	3
x	3	9	+	7	x	4	=	7	4
9	6	+	4	-	5	+	2	=	9
=	8	9	÷	3	=	3	÷	9	0
9	2	+	6	-	5	=	6	-	5
x	1	2	+	3	x	5	=	4	+
4	4	=	1	+	4	4	2	=	0
5	+	2	4	=	4	+	3	1	=
2	3	+	8	=	8	-	3	3	0
1	+	9	x	8	=	8	x	9	5


Tekem:

Datum:

Kyk na die prentjies en beantwoord die volgende vrae:

			Hoeveel sonneblomme is daar in elke prentjie? Hoeveel bye is daar in elke prentjie?
R25/bossie 			Hoeveel sal jy vir twee bossies betaal? Hoeveel sal jy vir vier bossies betaal?

1. 'n Verhouding is 'n vergelyking van twee hoeveelhede. Kyk na die prentjies hieronder en beantwoord die vrae.



Kwartaal 1

1.1 Die verhouding van die aantal:

- a. appels tot die aantal piesangs is
- b. pynappels tot die aantal aarbeie is
- c. pere tot die aantal aarbeie is
- d. piesangs tot die aantal pere is
- e. appels tot die aantal pere is
- f. pere tot die aantal appels is

Die simbool vir verhoudings is :



of 7:8


of $\frac{7}{15}$

Geskryf as verhouding

Geskryf as 'n breuk

1.2 Maak sketse van antwoorde a. tot f.

1.3 Skryf die verhouding langs jou skets in die vorm van 'n breuk neer.



1.4 Wat is die verhouding van die aantal appels tot die aantal vrugte?

1.5 Wat is die verhouding van die aantal piesangs plus die pere tot die aantal vrugte?



Tekem:


Datum:

vervolg 

xxv

Per
simbool

2. Kyk na die tabel en beantwoord die vrae oor koers.

Betaling	Spoed	Meting
R50 per uur 	60 kilometers per uur 	R45 per kilogram 
	30 spronge per minuut 	R9,50 per liter 

2.1 Skryf elke stelling hierbo met die "per" simbool neer.

a. R50 per uur is dieselfde as R50/uur.

b.

c.

d.

e.

2.2 Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vrae.

a. Hoe ver reis ek elke dag klas toe?

b. Hoeveel geld verdien ek per maand?

c. Hoeveel betaal ek elke maand vir my hoender?

d. Hoeveel betaal ek elke maand vir my melk?

e. Hoeveel keer spring ek elke maand tou?



Ek is 'n leerder. Dit neem my elke dag 30 minute om skool toe te reis. Ek werk 20 uur deelyds per maand. Ek hou van hoender en melk. Elke maand koop ek 4 kg hoender en 20 liter melk. Ek oefen deur elke maand 150 keer met my springtou te spring.

Koopervaring



Wat om te doen:

- Bring enige voorbeeld van rand per kilogram van die huis af of van 'n winkel.
- Vergelyk die pryse in die klas.
- Is die pryse by al die winkels dieselfde?


Tekem:

Datum:

Kyk na die prentjie en gebruik woorde soos halwe, kwart en agste.



- Kyk na die prentjie en bespreek dit in 'n groep.
- Wat beteken dit as ek sê: "Ek kry 'n kwart van die sap."?
- Demonstreer die stelling prakties.



1. Gebruik die breukebord en twee liniale op knipselblad 4 en gebruik dit dan om die volgende vrae te beantwoord:

	mm	cm	___ mm = ___ cm
Halwe ($\frac{1}{2}$) meter	500 mm	50 cm	500 mm = 50 cm
Twee kwarte ($\frac{2}{4}$) van 'n meter			
Drie sesdes ($\frac{3}{6}$) van 'n meter			
Vier agstes ($\frac{4}{8}$) van 'n meter			
Vyf tiendes ($\frac{5}{10}$) van 'n meter			
Ses twaalfdes ($\frac{6}{12}$) van 'n meter			

Antwoord waar of onwaar:

a. $\frac{1}{2} = \frac{2}{4} = \frac{3}{6} = \frac{4}{8} = \frac{5}{10} = \frac{6}{12}$

b. 500 mm = 50 cm

c. 500 mm = 1 m

d. $\frac{1}{2}$ of $\frac{2}{4}$ of $\frac{3}{6}$ of $\frac{4}{8}$ of $\frac{5}{10}$ of $\frac{6}{12}$ km = 500 m

e. $\frac{6}{12}$ is groter as $\frac{2}{4}$.

Lees en dink deeglik!



Waar Onwaar

Waar Onwaar

Waar Onwaar

Waar Onwaar


Waar Onwaar

2. Gebruik die voorbeeld hieronder en beantwoord die volgende vrae:

Voorbeeld:




As ek 'n strook papier in tien dele verdeel, lyk dit soos die skets.




As ek twee van die dele inkleur, kan ek sê ek het 2 uit die 10 dele ingekleur. Ek kan dit ook skryf as $\frac{2}{10}$ of 0,2

As ek 'n papier in 100 blokkies verdeel, dan lyk dit soos die skets.



As ek 24 van die 100 blokkies inkleur, kan ek sê ek het 24 uit die 100 dele ingekleur. Ek kan dit ook skryf as $\frac{24}{100}$ of 0,24



a. $\frac{4}{10} =$

b. $\frac{2}{10} =$

c. $\frac{5}{10} =$

d. $\frac{37}{100} =$

e. $\frac{19}{100} =$

f. $\frac{25}{100} =$

3. Skryf 'n optel- en affreksom neer vir elk van die volgende, deur die groen en rooi blokkies te gebruik.

a. $\frac{2}{10} + \frac{8}{10} = \frac{10}{10}$ $\frac{10}{10} - \frac{8}{10} =$

b.

c.

d.

e.


Tekem:

Datum:

Kyk na die prentjie en bespreek dit, in pare of in groepe.



Ek het 155c.




Ek het R1,55



Kyk na die prentjie en bespreek dit, in pare of in groepe. Is altwee reg? Verduidelik waarom?

4. Beantwoord die volgende vrae:



a. Veronderstel die diagram stel R1 voor.


Wat sal elke klein blokkie voorstel?

b. Hoeveel sente is daar in R1?

c. Skryf die volgende in rand: i) 43c = ii) 5c =


d. Skryf die volgende in sent: i) R0,25 = ii) R0,09c =

5. Kyk na die diagram hieronder. As dit R1 verteenwoordig, wat sal die rooi blokkies voorstel? Skryf jou antwoord in rand en sent.




rand:

sent:




rand:

sent:




rand:

sent:



rand:




sent:





rand:



sent:

6. Gebruik die diagram om jou eie som te skryf.
 Ons het die eerste een vir jou gedoen as voorbeeld.

a.   b.  

$0,8 + 0,07 = 0,87$

c.  

d.   

7. Bereken die volgende:

a. $0,001 + 0,7 =$ b. $0,02 + 0,09 =$ c. $1 + 0,4 + 0,05 =$

Hoeveel geld is daar?




Kyk na die spaarvarkie.
 Hoeveel geld het jy
 gespaar? Gee jou
 antwoord in rand en sent.



Teken:


Datum:

Ons kan elkeen 3 stukke kry. Verduidelik waarom.



1. Sommige kinders sal verskillende partytjies hê. Maak jou eie tekeninge om die probleme op te los.

- a. Partytjie 1: Elke kind moet 'n kwart van 'n pizza kry. Hoeveel kinders gaan elk 'n stukkie van drie pizzas kry? Ons het die eerste een vir jou gesny.



- b. Partytjie 2: Dieselfde aktiwiteit, maar nou kry elke kind net een sesde van 'n pizza. Hoeveel kinders gaan elk 'n stukkie van die drie pizzas kry?

- c. Partytjie 3: By die partytjie kry elke kind 'n vyfde van 'n pizza. Hoeveel kinders gaan elk 'n stukkie van die drie pizzas kry?

- d. Watter partytjie sal jy graag wil bywoon? Waarom?

- e. Jy beplan 'n partytjie vir 30 maatjies en wil graag vir elkeen 'n vyfde van 'n pizza gee.

– Hoeveel pizzas het jy nodig?

– Jy het een pizza oor na die partytjie.

Hoeveel kinders het opgedaag?

2. Daar is tien kinders by my partytjie.

- a. As ek twee koeke gelykop tussen hulle verdeel, hoeveel kry elke kind?



- b. Ek het ook 20 klein koekies op twee borde. As ek dit gelykop wil verdeel tussen 10 kinders, hoeveel kry elkeen? Watter breuk van elke bord sal elke kind kry?



- c. As jy vir elke kind 'n sewende van die groot koek wil gee:

- Hoeveel kinders kan jy nooit as jy vier koeke het?
- 'n Hele koek en een stukkie (een sewende) is oor. Hoeveel kinders het nie koek geëet nie?
- As 35 kinders opdaag, hoeveel koeke sal jy nodig hê?

Pret met breuke by die huis



- Vra 'n volwasse persoon om jou te help om items in die huis te vind wat gelykop verdeel kan word.
- Lys die items en sê in hoeveel dele dit verdeel is.



Tekem:

Datum:

Hoe ver en hoe lank?

Kyk na die skets van die straat (regs) en praat oor die volgende plekke.



Gebruik woorde soos:
- kilometer - meter


skool

kliniek

park

winkel

huis



1. Skryf die volgende in kilometer:

- | | |
|-----------------------------------|---------------------------------|
| a. 1 000 m = <input type="text"/> | d. 270 m = <input type="text"/> |
| b. 700 m = <input type="text"/> | e. 100 m = <input type="text"/> |
| c. 150 m = <input type="text"/> | f. 920 m = <input type="text"/> |

2. Skryf die volgende in meter:

- | | |
|------------------------------------|-----------------------------------|
| a. km = <input type="text"/> | d. 2 km = <input type="text"/> |
| b. 0,5 km = <input type="text"/> | e. 1,4 km = <input type="text"/> |
| c. 0,250 km = <input type="text"/> | f. 1,25 km = <input type="text"/> |

3. Doen die volgende aktiwiteit prakties in die klas.


Deel 1:

- Hoeveel meter is dit van agter tot voor in die klas?
- Hoeveel meter is dit van die een kant tot die ander kant van die klas?
- As die klaskamer 10 m lank is, hoeveel klaskamers kan in 1 kilometer pas?

Deel 2:

- Wat is 'n sekonde?
- Raai hoeveel sekondes dit sal neem om van agter tot voor in die klas te loop.
 - Skryf neer wat jy geskat het.
 - Meet nou die tyd met 'n stophorlosie en skryf die antwoord neer.
 - Wat is die verskil?

4. Kyk na die skets en voltooi die tabel.




Dit neem my een minuut om een kilometer te ry.

Afstand van:	Kilometers (km)	Meters (m)	Sekondes
Die rooi dorp tot die geel dorp.			
Die geel dorp tot die groen dorp.			
Die groen dorp tot die pers dorp.			
Die pers dorp tot die blou dorp.			

5. Daar is 'n heining rondom die dorp. Hoe lank is die heining?
Skryf jou antwoord in kilometer en in meter.

km

m



Pret met lengte



- Hoe lank dink jy sal dit neem om een kilometer te loop?
- Loop een kilometer en neem jou tyd.
- Hoe lank het dit geneem?
- Wat is die verskil tussen wat jy geskat het en die werklike tyd?

Tekem:

Datum:

Hoe kan jy die oppervlakte van 'n reghoek meet in vierkante sentimeters?
Bespreek dit.



Knip 'n vierkante sentimeter uit en plaas dit op die reghoek.






Dit word 'n vierkante sentimeter genoem want al die sye van die vierkant is gelyk aan 1 cm.

Sny vierkante sentimeters uit, en plaas dit op die reghoek asof jy besig is om 'n vloer te teël.




24 vierkante sentimeters sal die hele reghoek dek.



1. Wat is die oppervlakte van elke groen vorm in vierkante eenhede?




- a. b. c. d.



- a. b. c. d.



2. Teken die vorm wat beskryf word op die rooster.

- a. 'n Vierkant met 'n oppervlakte van 4 vierkante eenhede. b. 'n Reghoek met 'n oppervlakte van 8 vierkante eenhede. c. 'n Driehoek met oppervlakte van 9 vierkante eenhede.



3. Gebruik jou liniaal en teken die volgende:

- a. Een vierkante eenheid binne in die gekleurde boksie. b. Trek stippellyne om die oppervlakte te bepaal. Ons het die eerste een as voorbeeld gedoen.



4. Bepaal die oppervlakte van elk van die grys reghoeke in vierkante eenhede. Maak seker jy tel ook die blokkies wat jy nie kan sien nie.

a.



b.



c.




5. Wat is die oppervlakte van elk van die vorms in vierkante eenhede?

a.

b.

c.



6. Die afstand om die vorm (omtrek) in 5a is ongeveer 9,6 cm. Wat is die omtrek van 5b, en van 5c?

5a.

5b.

5c.

Pret met oppervlakte

Onthou om vierkante eenhede te gebruik.



- Wat is die oppervlakte van jou klaskamer?
- Hoe het jy dit uitgewerk?



Teken:

Datum:

Wat is volume? Bespreek die prentjies hieronder.




Volume is die aantal eenhede wat 'n geometriese ruimte vul.



'n Kubus kan gebruik word as eenheid om volume te meet.



Dan noem ons dit 'n kubieke eenheid.



Kwartaal 1

1. Bepaal die volume van elk van die volgende voorwerpe in kubieke eenhede.

a. <input type="text"/> kubieke eenhede	b. <input type="text"/> kubieke eenhede	c. <input type="text"/> kubieke eenhede	d. <input type="text"/> kubieke eenhede
e. <input type="text"/> kubieke eenhede	f. <input type="text"/> kubieke eenhede	g. <input type="text"/> kubieke eenhede	h. <input type="text"/> kubieke eenhede


2. Tel die kubieke eenhede in elke voorwerp. Onthou om die kubieke eenhede wat jy nie kan sien nie, ook te tel.

a. <input type="text"/> kubieke eenhede		b. <input type="text"/> kubieke eenhede

3. Verbind die voorwerpe regs met voorwerpe links wat dieselfde volume het.

Wat is kapasiteit? Kyk na die prentjies en bespreek dit. Gebruik woorde soos liter en milliliters

Liters en milliliters is metrieke eenhede wat gebruik word om kapasiteit te meet.



4. Skryf die volgende in liters:

a. 1 000 ml = b. 600 ml = c. 250 ml =

d. 370 ml = e. 100 ml = f. 810 ml =

5. Skryf die volgende in milliliters:


a. 1 ℓ = b. 0,5 ℓ = c. 0,250 ℓ =

d. 3 ℓ = e. 1,2 ℓ = f. 1,25 ℓ =

6. Gebruik die houer links om te skat of elke houer meer, minder of dieselfde as 1 liter of 1000 ml sal hou.


 1 ℓ	a.  <input type="text"/>	b.  <input type="text"/>	c.  <input type="text"/>	d.  <input type="text"/>	e.  <input type="text"/>
 5 ml	x.  <input type="text"/>	y.  <input type="text"/>	z.  <input type="text"/>		

Visbakpret



- Wat is die volume van die visbak?
- Wat is die visbak se kapasiteit?
- Wat let jy op?

Een kubieke eenheid = 10 ml



Tekem:

Datum:



Massa

Wat is massa? Kyk na die prentjies en bespreek massa.



Gram en kilogram is metrieke eenhede waarmee ons meet hoe swaar voorwerpe is.



'n Skuifspeld is ongeveer 1 g.



'n Boek is ongeveer 1 kg.

1. Skryf die volgende in kilogram:

a. 1 000 g =

b. 600 g =

c. 350 g =

d. 210 g =

e. 100 g =

f. 720 g =

2. Skryf die volgende in gram:

a. 1 kg =

b. 0,5 kg =

c. 0,250 kg =

d. 3 kg =

e. 1,9 kg =

f. 1,8 kg =

3. Gebruik die voorwerp links om te skat of die voorwerpe regs swaarder of ligter as 1 kilogram of 1 gram is.



a.



b.



c.



d.



a.



b.



c.



d.




4. Kyk na die skale en beantwoord die volgende vrae.

a. Watter voorwerpe weeg minder as 1 kilogram?

b. Watter voorwerpe weeg tussen 500 g en 1 000 g?

c. Watter voorwerp is die swaarste?

d. Wat is die totale gewig van voorwerp A en B?



5. Simon weeg 40 kg op die badkamerskaal.

Hoeveel sal hy weeg as hy sy een voet optel en slegs op een been staan in plaas van twee?



Watter sak gaan wen?

- Versamel voorwerpe in die klaskamer. Plaas die voorwerpe in 'n sak sodat die geskatte gewig 1 kg is.
- Weeg nou die sak en skryf die gewig neer.
- Die wenner is die leerder wie se sak die naaste aan 1 kilogram weeg.
- Herhaal die aktiwiteit maar gebruik verskillende voorwerpe.

Tekem:

Datum:




2D-vorms en 3D-voorwerpe

Identifiseer die voorwerpe. Watter vorms kan jy sien? In watter land sal ons dit vind?










1. Identifiseer die volgende prentjies:



- a. Sfeer
- b. Reghoekige prisma
- c. Silinder
- d. Pentagoniese (vyfhoekige) piramiede
- e. Kubus
- f. Driehoekige prisma
- g. Pentagoniese prisma
- h. Heksagoniese (seshoekige) prisma



2. Benoem die 3D-voorwerpe en 2D-vorms.

	<input type="text"/>		<input type="text"/>		<input type="text"/>
	<input type="text"/>		<input type="text"/>		<input type="text"/>
	<input type="text"/>		<input type="text"/>		<input type="text"/>



3. Benoem die dele van die diagram.


	<input type="text"/>		<input type="text"/>
	<input type="text"/>		<input type="text"/>
	<input type="text"/>		<input type="text"/>

Kwartaal 1



4. Kies vir elke prisma/piramiede die net (patroon) wat daarby pas.

- | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |  |
| a. Driehoekige prisma | b. Reghoekige prisma | c. Kubus | d. Pentagoniese (vyfhoekige) prisma | e. Heksagoniese (seshoekige) prisma | f. Oktagoniese (agthoekige) prisma |
|  |  |  |  |  | |
| g. Tetrahedron/driehoekige piramiede | h. Vierkantige piramiede | i. Pentagoniese (vyfhoekige) piramiede | j. Heksagoniese (seshoekige) piramiede | k. Oktagoniese (agthoekige) piramiede | |



5. Hoe stem die verskillende nette (patrone) ooreen en hoe verskil hulle?

Soek voorwerpe



- Daar is orals padtekens. Gaan op 'n uitstapjie in jou omgewing en probeer soveel moontlik vorms identifiseer. Wat beteken die verskillende vorms?




Tekem:

Datum:




Watter vorms kan jy sien? Bespreek.



1. Teken die vorm van die aansig soos gevra.


a.



Bo-aansig




b.



Voor-aansig





c.



Sy-aansig




2. Hoe lyk die gebou van voor, van die kant en van bo?
Kies die regte antwoord.



Voor-aansig

Bo-aansig


Sy-aansig



Voor-aansig

Bo-aansig

Sy-aansig




Voor-aansig

Bo-aansig

Sy-aansig

As ons sê "van die kant", is dit dieselfde as sy-aansig.

3. Hoe lyk die gebou van voor, van die kant en van bo?
Teken die regte antwoord.



Bo-aansig

Blank area for drawing the top view (Bo-aansig) of the cube structure.

Vooraansig

Blank area for drawing the front view (Vooraansig) of the cube structure.

Sy-aansig

Blank area for drawing the side view (Sy-aansig) of the cube structure.



Teken:


Datum:

vervolg





xlv




4. Elke vorm het geskuif of gegly.







Maak jou eie tekening deur elke vorm te skuif (gly).



5. Elke vorm is omgekeer.




Maak jou eie tekening deur elke vorm om te keer.




Kwartaal 1

6. Elke vorm is gedraai.




Maak jou eie tekening deur elke vorm te draai.



a.



b.



c.



Wees 'n kunstenaar!



- Jy benodig papier en 'n potlood.
- Sit buite 'n gebou en maak 'n tekening van die sy-aansig en die voor-aansig.
- Wys jou tekening aan die res van die klas.




Tekem:

Datum:



Datahantering

Elke prentjie wys 'n tipe vervoer waarmee die graad 6-klas skool toe kom.



1. Sorteer die tipes vervoer wat deur die graad 6-klas gebruik word, deur die tabel te voltooi.

Tipe vervoer	Aantal

2. Gebruik die inligting van die tabel om 'n staafgrafiek te teken.



Kwartaal 1



3. Gebruik jou grafiek om die volgende vrae te beantwoord:

- a. Hoeveel kinders gebruik die bus om by die skool te kom?
- b. Hoeveel kinders gebruik motors om by die skool te kom?
- c. Hoeveel kinders gebruik fietse om by die skool te kom?
- d. Hoeveel kinders loop skool toe?
- e. Hoeveel kinders is in Graad 6?
- f. Watter tipe vervoer is die gewildste?
- g. Watter tipe vervoer is die ongewildste?

4. Laat val 'n muntstuk 100 keer op die grond en hou telling van hoeveel keer dit met die kruiskant bo land. Laat dit op verskillende maniere val, van verskillende hoogtes en uit verskillende posisies.

Muntkant	<input type="text"/>
Kruiskant	<input type="text"/>

- a. Hoeveel keer het die muntkant bo geland?
- b. Hoeveel keer het die kruiskant bo geland?
- c. Het jou vriend dieselfde antwoord gekry?
- d. Het enige ander kinders in die klas dieselfde antwoord as jy gekry?
- e. Waarom of waarom nie?

Wie is gelukkig?



- Speel in pare.
- Gebruik 'n muntstuk. Begin die speletjie deur te vra: "Wie is gelukkig?"
- Speler een skiet die muntstuk tien keer op in die lug. Voor hy of sy begin, moet die ander speler raai watter kant die meeste na bo gaan land. As die speler reg geraai het, dan kry die speler een punt.
- Ruil nou om en doen dieselfde.
- Herhaal tien keer. Die wenner is die speler met die meeste punte.

Teken:

Datum:



Notas



9



2

A large rectangular area with horizontal blue dashed lines for writing notes.



0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15



W i s k u n d e

DEEL
2

